PRIMêRE SKOOL UNIVERSITAS

DWELM- EN DEURSOEKBELEID

Onderstaande beleid is in ooreenstemming met die volgende:

- Government Gazette 24172 no. 3427 notice number 2002, also known as the "Drug Abuse Policy Framework."
- Education Laws amendment Act B33 of 2007.
- Government Gazette no. 31417 notice number 1140 of 2008. Anexure A & B
- Guidelines for the management and prevention of drug use/abuse by learners at schools.

Inleiding.

Die harde werklikheid rakende die beskikbaarheid en gebruik van dwelmmiddels op skool genoodsaak die daarstelling van 'n beleid om hierdie vraagstuk aan te spreek. Die wanaanwending van dwelms het so 'n integrale deel van ons gemeenskap geword, dat pro-aktiewe optrede van die gemeenskap en opvoedkundige instansies noodsaaklik geword het. Die doel van die beleid is nie om as 'n tugmaatreël te dien nie, maar eeder die leerders wat in dwelmmisbruik vagevang is, te ondersteun en te help.

Die volgende prosedure is van belang binne skoolverband.

1. Die Skoolbestuur kan aandring op 'n urien gebaseerde dwelmtoets sou daar 'n redelike vermoede bestaan dat 'n leerder waarskynlik hom/haar skuldig maak aan dwelmgebruik.
2. So 'n dwelmtoets sal deur 'n persoon gedoen word wat deur die Skoolbestuur aangewys is.
3. Die uitslag van sodanige dwelmtoets sal streng vertroulik hanteer word en sal net aan die betrokke leerder en sy/haar ouer(s) bekend gemaak word.
4. Indien 'n leerder 'n eeste keer positief getoets word, sal die leerder aangemoedig word om professionele hulp te kry sonder om enige voordele by die skool prys te gee. Daar sal nogtans van die leerder verwag word om aan 'n tweede dwelmtoets onderwerp te word binne 30-40 dae na die eerste toets.
5 Indien leerder wat vir die eerste toets positief getoets is, ook vir die tweede toets positief toets, sal sodanige leerder uit die skool gesit word totdat leerder negatief toets.
6 Tydens tydperk van uitsetting is die leerder steeds op die skoolrol en kan saam met ouer of voog die skool besoek om akademiese materiaal in te handig of af te haal, toetse en eksamens te skryf, maar word nie toegelaat om klasse by te woon totdat hy/sy negatief toets.

7. Leerders wat herhaaldelik positief toets kan strenger dissiplinêre aksies verwag en kan selfs permanent uit die skool gesit word, veral as die dwelmmisbuik tot aggressiewe en moeilik beheerbare gedrag aanleiding gee.
8. Leerder(s) wat positief toets, is geregtig op ‘n onafhanklike toets deur ‘n privaat persoon op die voorwaarde dat die toets gedoen word in samewerking met die Department van Gesondheid.
   Die toets kan in samewerking met die Departement van Gesondheid gedoen word.
9. Ouers en leerders, sal tydens die rehabilitasieproses, deur die skoolhoof of sy/haar gedelegeerde bygestaan word waar die opsies van rehabilitasie aan die ouers verduidelik word. Tydens die rehabilitasieproses is die skool geensins verantwoordelik vir enige finansiële ondersteuning nie.
10. Die koste verbonde aan die afhandeling van die eerste toets word deur die skool/ouers (Skrap wat nie van toepassing is nie.) gedra. Die koste verbonde aan die toets(e), wat die eerste positiewe toets opvolg, is die verantwoordelikheid van die skool/ouers. (Skrap wat nie van toepassing is nie.) Koste kan wissel van tyd tot tyd, maar sal R 100 per toets beloop tot verdere kennisgewing.
11. Die paneel wat die toetse hanteer sal bestaan uit: Die leerder, die skoolhoof of sy gedelegeerde en ‘n volwasse getuie. Al drie hierdie persone moet van dieselfde geslag wees.
12 Die urine-monster moet onder toesig verkry word en wel op so ‘n wyse dat dit nie vernederend is nie en moet op ‘n waardige wyse afgehandel word.
13. Die skoolhoof of sy gedelegeerde is by magte om ‘n leerder te deursoek vir die besit van onwettige dwelms of gevaarlike wapens. ‘n Volwasse ooggetuie moet teenwoordig wees by beide die deursoek- en toetsprosedures.
14. Enige onwettige item wat gevind word, moet aan die polisie oorhandig word. Die polisie kan in so ‘n geval kriminele klagtes lê gebaseer op onwettige items gevind. Die skool kan dissiplinêre aksies loods, maar kan geen kriminele klagtes lê nie.

Gevolgtrekking.
Die beleid hou die volgende voordele vir beide leerder en ouer in:
1 Die gebruik van dwelms kan in die eksperimentele fase ontdek word terwyl die sukses met behandeling nog hoog is.
2 Die identifisering van die probleem in sy eksperimentele fase kan in die meeste gevalle aan groepsdruk toegeskryf word.
3 Ouers wat min van die gebruik van dwelms weet, kan ingelig en op ‘n diskrete manier opgelei word.
4 Gebruikers van dwelms wat ontwrigtend en aggressief is, kan uit die klaskamer verwyder word en onskuldige leerders kan toegelaat word om onderrig in ‘n veilige en gedissiplineerde om gewing te ontvang.

Wat dra by tot billike en regverdige vermoedens?
1 *Fisiese simptome* van dwelmgebruik: Rooi oê, geel vlekke op die hande, reuk van dwelms aan die klere of vel, loperige neus, velirritasie, slordige voorkoms, gewigsverlies of –toename.

2 *Gedrags simptome* van dwelmgebruik: Afwesighede, laatkommery, buierigheid, aggressie, swak akademie.
3 *Assosieer met 'n persoon wat bekend is as 'n dwelmgebruiker.*
4 *Inligting uit bronne ontvang.*
5 Aanhoudende beskuldigings van diefstal en ander verkeerde gedragspatrone.

Ooreenkoms deur leerder/ouer/voog

Ek……bevestig hiermee dat ek getoets is/het my kind laat toets vir dwelmgebruik. In geval waar ek/ons aandring op 'n onafhanklike toets, verstaan ek dat ek/ons nie toegelaat sal word om aan enige skoolaktiwiteite deel te neem totdat die resultate van die onafhanklike toets ontvang is en bevestig dat ek onskuldig is.

……..
Handtekening

GOEDGEKEUR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM

Datum: 2016-02-23

W Burger
Voorsitter vd Beheerliggaam